# HOOFSTUK III.

## Staatsinrigting en Binnelandse Aangeleenthede van Stellaland.

-------

Die staatsinrigting van Stellaland dra die stempel van tweërlei invloed: Die eerste moet toegeskryf word aan die omstandighede waaronder die Republiek in die lewe geroep is, m.a.w. die staatsinrigting was die gevolg van natuurlike groei. Die twede en grotere invloed was 'n gevolg van die direkte aanraking met die Transvaalse regeringsinstellings en konstitusie.

### Die Krygsraad.

Sedert die eerste oproep van Massouw in Jan.1882 om blanke vrywilligers, het daar gedurig meer en meer mense aangesluit. Aan die einde van Maart 1882 het Massouw sowat 180 vrywilligers gehad. Hierdie getal het geleidelik toegeneem, sodat daar teen Julie 1882 tussen 400 en 500 was [1]. Hierdie "wolunteers", meeste waarvan uit Transvaal afkomstig was, het hulle eie laer gevorm en slegs in geveg in samewerking met Massouw opgetree onder hulle eie offisiere.

Reeds in Februarie 1882 het hulle die leiding van die kryg opgedra aan 'n Krygsraad, in navolging van die aloue reël van die Voortrekkers. Hierdie Krygsraad het bestaan uit die vernaamste offisiere, n.l. die Kommandant-Generaal, 'n Kommandant, en twee Veldkornette. By krygsraadsbesluit van 17 Maart 1882 is hierdie aantal vermeerder met die toevoeging van nog een Kommandant en een Veldkornet [2]. Die eerste notuleboek van die Krygsraad dateer vanaf 13 Februarie 1882. Dit was dan ook die eerste bestuursliggaam van die vrywilligers. Op die Krygsraad het ook sitting gehad die heer T.Doms, as verteenwoordiger van Massouw [3].

Alle/...

---

1). Raadpleeg lyste van vrywilligers in S. 22; Vgl. ook Goldman, Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek, p. 90.
2). S. 3; Vgl. Goldman, t.a.p., pp. 83-84.
3). S. 1 (1).

Alle krygsoperasies teen Mankoroane is gelei deur die Krygsraad. Hierdie liggaam het egter ook nog ander werksaamhede gehad. Daaronder was begrepe alle sake rakende tug en orde onder die vrywilligers. Geskille tussen vrywilligers en oortredings waaraan die manskappe hulle skuldig gemaak het moes ook besleg word deur die Krygsraad. Dit was dus terselfdertyd 'n Hof. Reeds op 13 Februarie 1882 het die Krygsraad enige reglemente opgestel om tug en orde onder die manskappe te verseker. Alle vrywilligers moes dit onderteken en hulle onder ede daaraan onderwerp.[1] 'n Verdere Reglement van Orde en Tug, wat wysiginge aangebring het, is op 21 April 1882 opgetrek[2] 'n Taamlike mate van disipline is gehandhaaf. Afwesigheid uit die laer sonder verlof van 'n offisier is met boete gestraf. Verder moes die Krygsraad sorg vir voedsel en ammunisie, en ook alle rekenings vereffen[3]. Op hierdie wyse is dus nog ander sake behartig, wat nie juis 'n deel van die krygsoperasies was nie. So is op 22 Julie 1882 die handel in wyn en sterke drank verbied deur die Krygsraad[4].

Na die sluiting van die vrede tussen Massouw en Mankoroane op 26 Julie 1882 het die vrywilligers uiteengegaan, en was die Krygsraad dus nie meer nodig nie. Ewewel het die offisiere hulle titels of range behou selfs na die Republiek as sulks geproklameer is. Die Krygsraad het egter opgehou om te bestaan as 'n liggaam en nie meer sittings gehad nie, selfs nie eers om ander as krygssake te bespreek nie, wat trouens ook nie meer nodig was nie, soos weldra sal blyk[5].

## Die Bestuur.

Behalwe die Krygsraad het ook nog bestaan, byna vanaf die begin, 'n "Kommissie van Bestuur", gekies deur die vrywilligers

Uit/...

1). S. 1, p.27.
2). Dit word behandel onder die paragraaf oor die Bestuur.
3). Sien Krygsraadsnotule in S.1.
4). S. 3.
5). Raadpleeg in verband met die werksaamhede van die Krygsraad S. 1 en S. 3; Vgl. ook Goldman, t.a.p., pp. 90-92.

Uit die oudste Notuleboek van die Krygsraad blyk dat beide liggame gesamentlik gesit het vir die afhandeling van sake in verband met publieke en militêre aangeleenthede. As voorsitter van die gekombineerde vergadering het gedien een van die lede van die Bestuur. Die heer A.J.G.de la Rey Snr. (Groot Adriaan) was die eerste wat hierdie funksie vervul het [1]. Later het die twee liggame apart vergader en het die Krygsraad meer en meer slegs met krygssake tedoen gehad. Hierdie aparte sittings dateer van 21 April 1882 [2].

Op daardie selfde datum is ook 'n poging aangewend om die posisie en die verhouding van die twee liggame teenoor mekaar nader te bepaal, asook om die reëls, rakende die vrywilligers, beter te omskryf. Deur die Bestuur is 'n Kommissie van drie lede aangestel om 'n reglement van orde"te vormen tot bestuur van het Vrijwilligers Lager" [3]. 'n Konsep Reglement, bestaande uit 22 artikels, is dan ook opgetrek deur die Kommissie. Dit was die eerste poging tot wetgewing onder die vrywilligers. Daarin word reëls neergelê vir die toelating van persone as vrywilligers, asook met betrekking tot die prosedure van verkiesing van offisiere. Hierdie laaste sou geskied by meerderheid van stemme. Alle manskappe en offisiere moes die eed van getrouheid aflê. Volgens die eedvorm vir offisiere moes hulle werk vir die bloei en onafhanklikheid van "deze land en volk". In artikel 6 word strafbepalings neergelê . Die Kommissie van Bestuur sou die hoogste gesag wees. Daarna volg die krygsoffisiere, volgens rang. Oor al die manskappe en offisiere, maar onderhewig aan die Bestuur, staan die Krygsraad, wat bestaan uit alle aanwesige offisiere. Die offisier met hoogste rang tree op as voorsitter. Die Bestuur, in samewerking met

die/..

---

1). S. 1, p.27.
2). Vgl. Goldman, t.a.p., pp. 84 ; Die twee liggame het toe soms gebots oor besluite van die Bestuur, waarop laasgenoemde liggaam vasgestel het dat sy besluite onherroeplik is (S.4, Notule 1 Julie 1882).
3). S. 4.

die Krygsraad, sorg vir die nodige krygsbehoeftes. Van alles moet behoorlik boek gehou en verslag gedoen word. Buitgemaakte goedere word gelykop verdeel onder die vrywilligers, na aftrek van skadevergoeding, oorlogskoste, onderstand en beloning aan swaargewonde vrywilligers. Hoogverraad is strafbaar volgens die wette van alle beskaafde moonthede. Enige oortreding, nie in die Reglement opgeneem nie, word behandel volgens Romeins-Hollandse reg, soos algemeen in Suid-Afrika gebruiklik was. Verder word verwys naar die wette van die Suid-Afrikaanse Republiek[1]. Op 2 Mei 1882 is die konsep-Reglement goedgekeur deur die Bestuur[2].

Hierdie reëls was die eerste poging om 'n soort grondwet vir die vrywilligers daar te stel. Dit was opgestel met die oog op die vereistes van die oomblik, en was as sulks voldoende. Aanvanklik was die Bestuur 'n administratiewe sowel as 'n wetgewende en regsprekende liggaam.

Op 17 Maart 1882 word die heer G.J.van Niekerk gekies as lid van die Bestuur. Kort daarna word hy tot Voorsitter gekies[3]. Hierdie betrekking sou later baie belangrik word. Die Bestuur het vireers bestaan uit vier lede, later uit vyf. Op 27 April 1882 word besluit om Theodor Doms, Sekretaris van Massouw, sitting te gee as verteenwoordiger van Massouw op die Bestuur[4]. Op 22 Augustus 1883 het die Volksraad van Stellaland hom egter hierdie reg ontsê, omdat hy nie as lid van die Bestuur deur die publiek gekies is nie, maar alleen sitting gehad het as verteenwoordiger van Massouw, welke laaste betrekking hy nie meer beklee het nie[5]. Tog blyk dit uit korrespondensie in Januarie 1884 dat hy daarna nog lid was van die Bestuur[6].

Al/...

---

1). Die originele Konsep-Reglement is te vinde in S 3,pp.3-12; Sien Bylaag A.
2). Vgl. Goldman, t.a.p. p. 91.
3). S. 3, p. 39.
4). S. 4; Vgl. Goldman, t.a.p., p.86.
5). S. 6.
6). Sien korrespondensie van Jan.1884 in S. 7 en S. 9.

Al heel spoedig het die Bestuur alle sake gereël, sodat Massouw maar min te sê had. Die krygsoperasies van Massouw is feitlik gelei deur die blanke offisiere, en alle andere sake is gereël deur die Bestuur. Ten einde sake op 'n vaste voet te bring, het Massouw op 1 Mei 1882 'n proklamasie uitgevaardig waarby hy hom verbind met sy Raad om "aan te nemen en te erkennen de Commissie vastgesteld wettiglijk gekozen en aangesteld door onze bondgenoten en vrijwilligers, wier bescherming wij tans genieten. En wij proclameren en maken hiermede bekend, dat wij de hierin bedoelde Commissie van Bestuur magtigen om voortaan in onze namen te handelen en te regeren tot het einde". Verder word bepaal dat vrede alleen gesluit kon word deur die Bestuur in samewerking met Massouw en sy Raad. Ook word aan die Bestuur opgedra om die beloofde plase aan die vrywilligers toe te ken[1].

Na die sluiting van die vrede tussen Massouw en Mankoroane was die Bestuur die enigste liggaam wat enige seggenskap gehad het. Hierdie liggaam het meer en meer geword 'n Uitvoerende Raad, net soos die van die Transvaal. Die Voorsitter werd aangespreek as "Administrateur", 'n betrekking analoog aan dié van President van die S.A.Republiek. Die Sekretaris werd genoem "Goewernements Sekretaris". Van die hele liggaam word gespreek as "Regering" of "Gouvernement", en in Mei 1883 word die term "Uitvoerende Raad" gebruik[2]. 'n Reglement van Orde vir die Bestuur het blykbaar nie bestaan nie. Aan die lede is later n.l. op 16 Junie 1884, 'n vaste salaris toegeken deur die Volksraad, ingaande vanaf 26 Julie 1882[3].

Die aantal lede van die Bestuur was wisselend. Dit is tans nie moontlik om met sekerheid te bepaal hoeveel lede

daar/...

---

1). Sien Bylaag B.
2). S. 4; Vgl. Goldman, t.a.p., p.86.
3). Vgl. Goldman, t.a.p., p.86.

daar was nie. Meesal het die Bestuur bestaan uit drie lede n.l. die Administrateur, die Goewernements Sekretaris, en nog een lid. Soms het die getal selfs gestyg tot vyf lede [1].

Die Bestuur het gewoonlik sitting gehad te Vryburg, maar soms ook langs die Hartsrivier waar 'n Goewernementskantoor was, naar gelang van omstandighede. Op 6 Aug.1883 is Vryburg geproklameer as setel van die Bestuur en die Volksraad [2].

Die Bestuur het menigvuldige werksaamhede gehad: dit moes o.a. tug en orde onder die vrywilligers handhaaf, finansiële sake reël, amptenare aanstel, reëlings tref omtrent vrede en oorlog, Kommissies aanstel oor verskillende sake, grondkwessies behandel, grense afbaken, onderhandel met ander state, en aan die begin selfs diens doen as 'n Hof. In kort, die Bestuur was verantwoordelik vir alles rakende die belange van die Vrywilligers; dit was die hoof regeringsliggaam. Administrasie, wetgewing en regspraak - alles het berus in hande van die Bestuur [3]. In Februarie 1883 sou daar egter 'n verandering kom met die verkiesing van 'n Volksraad.

Administrateur.

Die betrekking "Administrateur" het ontwikkel uit die van Voorsitter van Bestuur. Die heer G.J.van Niekerk het sedert die begin van April 1882 hierdie laaste pos beklee. Op die 18de Januarie 1883 word hy deur Massouw aangestel by Proklamasie as Administrateur "over het grondgebied bewoond door onze blanke ingezetenen". Die proklamasie sê voorts dat "zooveel van onze grondgebied zooals voorzegd, als U naar behoorlijk overleg goed zal dunken, door u geproklameerd zal worden onder den naam of titel van den (Ster) Stellaland". Verder verkry die Administrateur die reg om alle Aktes van Transport van ..

gronde/...

1). Vgl. Goldman, t.a.p., pp. 86-87.
2). R.4035/83.
3). Vgl. Goldman, t.a.p., p. 87.

gronde van die vrywilligers te onderteken[1].

Die Administrateur het alle sittings van die Volksraad bygewoon en die Raad toegespreek, hoewel hy geen stem in daardie liggaam gehad het nie[2].

Tydens die afwesigheid van Van Niekerk het die Volksraad 'n ander persoon benoem om in sy plek op te tree. Op 2 Maart 1883 het die Volksraad besluit dat daar 'n Voorsitter van Bestuur, d.w.s. Administrateur, gekies sal word. (Van Niekerk het n.l. sy betrekking as Administrateur beklee kragtens die proklamasie van Massouw, en dit was nie deur die volk bekragtig nie.[3] ~~Dit is egter nie duidelik of die verkiesing ooit plaasgevind het nie[3]~~). Die benaming "President van Uitvoerende Raad" word ook deur die Volksraad gebruik[4]. Die Administrateur was feitlik niks anders as die President van die Republiek nie. Alle onderhandelings met ander state of kolonies is deur hom geskied. Hoewel hy groot invloed had, was hy desnietemin onderhewig aan die gesag van die Volksraad. +

## Die Volksraad.

Hierdie liggaam het vir die eerste keer vergader in Februarie 1883. Op 12 Februarie het die Bestuur besluit "dat twee man uit elk veldkornetskap zoude gekozen worden op den 22ste February a.s. als eene Volksraad om het verslag der Leden van Bestuur en Krygsofficieren te nemen en hun daarovereenkomstig eervol ontslag te geven"[5]. Hierdie besluit is uitgevoer en op 23 Februarie d.o.v. is agt persone as lede van die Volksraad ingesweer. Op daardie dag het die Volksraad vergader te Losasa. Die vergadering is geopen deur die Voorsitter/...

---

1). Hierdie proklamasie is gepubliseer by Du Toit, De Bechuanalandsche Kwestie, pp.87-88; Sien Bylaag C.
2). Sien b.v. Volksraadsnotule, d.d.27 Febr.1883, in S.6.
3). Sien Ibid., d.d.2Maart 1883, in S.6.
4). Sien Ibid., d.d.8 Aug. 1883, in S.6.
5). S. 4.

sitter van Bestuur met 'n belangwekkende rede, waarna die lede van Bestuur hulle betrekking neergelê het. Aan die Volksraadslede het Van Niekerk in sy toespraak o.a. gesê dat hulle gekies is "om het gereedschap uit de handen der oude Bouwmeesters te nemen". Verder het hy enige wenke aan die hand gegee om sake op 'n vaster voet te kry, n.l.: Instelling van 'n polisiemag, aanstelling van 'n Landdros, reëling van die finansies, amunisiehandel en posverkeer met Land Goosen, asook die verkiesing van 'n "voorman" (Administrateur)[1).]

Alle gesag het nou berus by die Volksraad, wat dadelik 'n aanvang gemaak het met sy werksaamhede. 'n Besluit is geneem dat die Reglement van Orde vir die Volksraad van die S.A.Republiek ook in Stellaland van toepassing sou wees[2)]. Die offisiële opening van die Volksraad het op dieselfde wyse plaas gevind as in die Transvaal. Die oudste aanwesige lid het as Voorsitter opgetree. (Later, op 9 Aug. 1883, toe die twede Volksraad byeengekom het is 'n permanente Voorsitter gekies en 'n Sekretaris benoem.) Na opening met gebed word die Bestuur uitgenooi tot bywoning van die sitting. Hierna het die Administrateur sy toespraak gehou waarop die Voorsitter van die Volksraad dan geantwoord het[3)]. Insolvente persone of non-Protestante mog geen sitting neem in die Volksraad nie. 'n Toelaag is aan die lede van die Volksraad uitgekeer vir die tyd van die sitting[4)].

Na die aftrede van die ou Bestuur het die Volksraad (op 2 Maart 1883) 'n nuwe verkiesing uitgeskryf vir die Uitvoerende Raad en Administrateur. Rekwisisies moes in wees voor 2 April d.o.v.[5)]. Die Heer Van Niekerk is herkies as Administrateur. Van nou af staan die Uitvoerende Raad, as uitvoerende

gesag/...

1). S. 6.
2). Ibid.
3). Ibid.; Vgl. Goldman, t.a.p., p.93.
4). S. 6.
5). Ibid.

gesag, onder die Volksraad, die wetgewende gesag. Alle belangrike sake moes deur die Uitvoerende Raad aan die Volksraad, voorgelê word[1].

Voorstelle tot Wetgewing het meesal uitgegaan van die Uitvoerende Raad, wat dit deur middel van die toespraak van die Administrateur voor die Volksraad gelê het, welke liggaam dan wetgewing gepasseer het. Ook het die Volksraad instruksies of opdragte aan die Uitvoerende Raad gegee[2].

In die geheel het die Volksraad van Stellaland drie keer byeengekom, n.l. in Februarie 1883, Augustus 1883 en Junie 1884. By elke sitting is 'n finansiële Kommissie aangestel om verslag te doen oor die finansiële toestand van die land[3].

Die ledetal van die Volksraad was aanvanklik agt, maar op 17 Augustus 1883 is besluit deur daardie liggaam om Stellaland te verdeel in 5 wyke. Elke buitewyk, sou 2 lede afvaardig na die Volksraad, en die dorpswyk, Vryburg, 1. Die totaal sou dus wees 9 lede[4].

Burgerreg werd verkry deur deelname aan die oorlog as vrywilliger of deur vestiging in die Republiek. Die aflegging van die eed van getrouheid was 'n vereiste. Alle burgers bo 16 jaar was geregtig om te stem vir Veldkornette. Vir alle andere verkiesings was die ouderdomsgrens van kiesers 21 jaar. Verder vind verkiesings plaas "overeenkomstig de wetten der Z.A.Republiek[5].

Grondwet.

Dit is heel duidelik dat as grondwet vir Stellaland gedien het die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek. In sommige besluite van die Volksraad,asook in korrespondensie van/...

1). Sien Volksraadsnotule in S. 6.
2). Ibid.; Vgl. Goldman, t.a.p., p.94.
3). Vgl. Goldman, t.a.p., p. 94.
4). S. 6.
5). Sien briewe,d.d.26 April en 19 Julie 1883, in S. 9.

van die regering, word dikwels verwys na artikels van die Grondwet. By ondersoek het steeds geblyk dat dit klop met die Transvaalse Grondwet. Daardie Grondwet is inderdaad so klakkeloos oorgeneem in Stellaland dat in Desember 1883 'n aantal burgers 'n memorie gerig het aan die Volksraad, waarin hulle o.a. sê: "Dat ons land nog te jong en onbekwaam is om strict volgens Transvaal wetten regeert te worden en dat overeenkomstig onze zwakheden en gebreken wij onze eigene wetten maaken en vast houden moeten, neemende Transvaal of de wetten van andere beschaafde natien tot ons voorbeeld" [1]. Dit skyn egter nie of daar gehoor gegee is aan hierdie petisie nie. Die posisie het, naar dit voorkom, onveranderd gebly.

Stigting van 'n dorp.

Dit is hier nodig om 'n tydjie terug te gaan en te let op wat intussen gebeur het in Stellaland. Soos reeds gesien, het Mankoroane sy verteenwoordigers teruggeroep van die Kommissie wat uitvoering moes gee aan die vredesbesluite van 26 Julie 1882. Daarna is hy gedwing om saam met Massouw 'n sessie van sy grondgebied te maak aan die Transvaal. Toe dit bekend geword het dat die Britse gegering geweier het om die sessie goed te keur, het Mankoroane weer parmantig geword [2]. Van nou af aan het die vrywilligers van Massouw eenvoudig hulle gang gegaan versterk in hulle posisie deur die aansluiting van Mankoroane se vrywilligers by hulle geledere. Van Niekerk moet reeds kort na die sluiting van die vrede in onderhandeling met hulle getree het, want op 4 Sept.1882 skryf hy aan Genl. Joubert dat hy byna al Mankoroane se vrywilligers beweeg het om hum te verlaat [3]. Waarskynlik besield met die gedagte dat hulle enigste kans om hulle plase te kry sou wees om hulle lot in te werp by die vrywilligers van Massouw, het hulle oorgeloop na hulle

gewese/...

1). Joubert-Kolleksie, 341a.
2). Reeds behandel in vorige Hoofstuk.
3). Joubert-Kolleksie, 316.

gewese vyande. Daar was 57 van hulle. Van hierdie het 37 formeel by die Stellalanders aangesluit, en aansoek gedoen vir toekenning van grond. Hulle moes die eed van getrouheid aflê [1]. Dit het eers geskied in Januarie 1883 [2]. Reeds op 20 Sept. 1882 het die Bestuur besluit om 'n dorp te stig, en is 'n Kommissie aangestel om 'n stuk grond ter grootte van 6000 morge vir hierdie doel uit te soek. Elke vrywilliger sou geregtig wees op 'n erf in die dorp. Op die 31ste Oktober 1882 is verder besluit om 'n aanvang te maak met die opmeting van die grond. Daar is ook ooreengekom dat die vrywilligers byeen moes kom op die 13de November d.o.v. vir daardie doel [3]. Bepaal was dat 'n bekwame Landmeter die werk van opmeting moes doen. Daarvoor is die heer Lavertine, vroeër 'n vrywilliger van Mankoroane, aangewys [4]. Op die bepaalde dag het die Bestuur byeengekom en 'n Voorsitter en 'n Sekretaris vir bovermelde Dorpskommissie gekies om die dorp op te meet. Ook is besluit "de Dorpsgrond volgens Sketchs Kaart te meeten namelijk 120 minuten lang en 60 minuten weidt". Instruksies is ook aan die Dorpskommissie gegee. Die volgende dag is nog 'n Kommissie aangestel om die dorpserwe te inspekteer teen 'n betaling van £2 per dag per lid [5]. Voor die einde van dieselfde maand is die werk van opmeting voltooi, en op 4 Des. 1882 word die here Hasselt, Cornelius en Myburg deur die Bestuur aangesê om "het uitlooten der erven te behartigen" [6]. Die datum van uitloting is deur die reeds genoemde subkommissie vasgestel op 7 Desember d.o.v. op welke datum dit ook plaas gevind het [7]. In die geheel is daar 381 erwe uitgeloot [8].

Hier mag vermeld word dat die Subkommissie (of Dorpskommissie) ook funksies verrig het, wat ooreenkom met die van 'n

gewone/....

---

1). S.4; C.4432, p.199; C.3419, p.99; C.3486, p.82; C.3686, p.5.
2). S.4, Notule Bestuur, 8 Jan 1883.
3). Vgl. Goldman, t.a.p., p.100; S.4.
4). S.4.
5). S.5.
6). S.7.
7). S.3. Notule Subkommissie, 5 Des. 1882 vv.
8). S.3, pp.339-348.

gewone Dorpsbestuur. So is daar b.v. deur die Kommissie 'n Opsigter oor die dorpsdrinkwater aangestel. Ook is deur die Kommissie bepaal, in oorleg met die krygsoffisiere, dat niemand die dorpsgronde mag verlaat sonder verlof van die dorpsveldkornet nie. Sware strawwe is bepaal vir oortreders[1]. Van Niekerk het op 9 Januarie 1883 die heer J.H.de la Rey Snr. aangestel om toe te sien dat niemand handel dryf in die dorp sonder lisensie nie[2].

## Grenslyne.

Die Bestuur het ook 'n ander belangrike saak aangepak, n.l. die afbakening van die grenslyne van die gebied wat aan die vrywilligers toegeken was, en die uitgee van die plase aan hulle. Hierdie werk is onderneem in November 1882. Toe Mankoroane sy Kommissielede nie wou laat deelneem aan die afbakening nie, het die Bestuur van Stellaland eenvoudig voortgegaan met sy eie Kommissie. Die Bestuur het op 30 November 1882 die lyn tussen Massouw en Mankoroane vasgestel, onderworpe aan enige mooglike veranderings wat die Kommissie van afbakening deur Massouw te benoem, wenslik mog ag[3]. Die volgende dag is 'n aanvang gemaak met die werksaamhede deur kennis te gee aan Mankoroane dat die Kommissie op die 13de Desember 1882 sou begin bakens oprig. Hy is versoek om sy Kommissie na Boribing te stuur om die Kommissie van Massouw aldaar te ontmoet[4]. Op die 13de Des. het Massouw sy Kommissie aangestel[5]. Dié Kommissie het bestaan uit Doms (Voorsitter), Lavertine (Landmeter) en G.D.Smith (Sekretaris). Laaste twee here was voorheen vrywilligers van Mankoroane. Die Kommissie het sy instruksies van Massouw ontvang. Mankoroane se verteenwoordigers het nie opgedaag nie, ook nie na herhaalde aanmanings nie[6]. Massouw se Kommissie/..

1). S.3, Notule 6 en 9 Des. 1882.
2). S.9.
3). S.4.
4). R.365/83; Sien brief van Massouw aan Bestuur, dd.13 Des.1882, in S.7.
5). Sien brief van Massouw, dd.13 Des.1832 in S.9.
6). R.365/83.

Kommissie het alleen voortgewerk en op die 25ste Desember die taak van afbakening voltooi, en in geheel 65 bakens opgerig[1]. Ook is in Januarie 1883 deur die Bestuur die grenslyn tussen Massouw en Moshette gereel[2]. Die Kommissie het verslag gedoen van sy werksaamhede beide aan Massouw en aan die Bestuur[3].

Dit blyk nie of daar 'n offisiële skeidslyn neergelê is tussen Massouw en die gebied, bewoon deur sy vrywilligers nie. Moontlik is so'n lyn slegs deur usansie gehandhaaf. Vrederegter Hassett skryf op 21 Junie 1883 aan die Goewernements Sekretaris:"Ik moet UEd. ook hier mede bekend stellen dat het niet officieelijk tot mijn kennis gebracht is dat er een schijdings lijn tusschen onsen Gouvernement en het opperhoofd David Massouw Reit Taaibosch bestond"[4].

Massouw het op 16 Januarie 1883, die vasgestelde lyn tussen hom en Mankoroane by proklamasie bekendgestel. In die proklamasie word ook meegedeel dat Mankoroane en Massouw onafhanklik van mekaar sou wees[5]. Op die 7de Aug. 1883 het die Administrateur 'n gedeelte van die grenslyne van die Republiek Stellaland geproklameer. Die proklamasie handhaaf die lyn tussen Massouw en Mankoroane soos vroeër deur Massouw geproklameer[6]. Die 18de September, d.o.v., het 'n verdere proklamasie gevolg, waarby die hele grenslyn van die Republiek Stellaland vasgestel is[7].

Grondkwessies.

Soos reeds gesien, het Massouw in Februarie 1882 'n proklamasie uitgevaardig, waarin hy aan elke persoon, wat hom as vrywilliger ondersteun, 'n plaas van 3000 morge grond beloof.

Dit spreek vanself dat die plase alleen na afloop van die oorlog kon toegeken word. Honderde vrywilligers het aangesluit/....

1). R.365/83; S.4,Notule Bestuur,4 Des.1882; C.3486, p.78.
2). S.4,Notule Bestuur,2 Des.1882 en 3 Jan.1883.
3). S.9, Sien brief d.d.13 Feb.1882; S.7, Ibid.
4). S.7.
5). Sien Du Toit, t.a.p.,pp.85-87; R.3137/83.
6). R.4035/83; S.10.
7). De Volksstem, 30 Okt. 1883.

gesluit, aangelok deur die vooruitsig op 'n plaas. Sommige van hierdie mense was ietwat losbandig en kon nie maklik in die laer gehou word nie, met die gevolg dat op 31 Mei 1882 deur die Krygsraad bepaal is dat die vrywilligers wat afwesig mag wees op die dag dat Mankoroane se stad ingeneem word, hulle grondregte verbeur [1].

Vrywilligers het nog steeds so toegestroom naar Massouw, wat op die punt gestaan het om Mankoroane uit te klop, dat die Bestuur op 15 Julie 1882 bepaal het dat geen nuwe vrywilligers meer aangeneem sou word nie [2]. Die vrees het bestaan dat daar te min gronde sou wees vir al hierdie mense. Binne 'n week egter is hierdie besluit weer herroep, en deur die Bestuur vasgestel (op 21 Julie) dat nuwe vrywilligers aangeneem sal word teen betaling van £37.10., waarvoor hulle later plase van 1500 morge sou ontvang. Persone, wat van te vore reeds vrywilligers was, sou weer aangeneem word teen betaling van £75.-. Hulle sou plase kry van 3000 morge. Vrywilligers, wat skuldig bevind is aan diefstal, word nie in die laer opgeneem nie. Die laaste deel van hierdie besluit is egter teruggetrek op 18 Desember 1882 [3].

Op 26 Julie 1882 is die vrede gesluit tussen Massouw en Mankoroane waarna die vrywilligers voorlopig uitmekaar gegaan het, totdat die gronde opgemeet sou word. Intussen het Mankoroane egter weerspanning geblyk en Van Niekerk moes die vrywilligers weer bymekaar roep. Op 6 Okt.1882 is 'n kennisgewing uitgevaardig dat alle vrywilligers binne die grondgebied moet wees voor die einde van die maand [4]. Daarna is pogings in die werk gestel om die plase te doen opmeet en daarvoor is daar ongeveer 6 Land Inspeksie Kommissies aangestel op 15 November 1882. Elke Kommissie sou bestaan uit drie lede, en elke lid/...

1). S. 9.
2). S. 4.
3). Ibid.
4). S. 9.

lid ontvang £2.- per dag as salaris. Die Voorsitters van die Kommissies moes verslag doen van alle verrigte werk[1]. Op 7 Desember 1882 het Massouw aan die Bestuur en krygsoffisiere 'n "bewijs van toekenning van grond" gegee[2].

Daar is vinnig gevorder met die opmeting van die plase, dodat die Bestuur op 3 Januarie 1883 kon besluit dat die plase op 25 Februarie sou uitgeloot word. Voor die uitreiking van grondbriewe moes alle skuld egter eers aan die Regering betaal wees[3].

Later het geblyk dat daar nie genoeg gronde was vir al die vrywilligers nie. Toe is op 12 Februarie 1883 deur die Bestuur besluit, in oorleg met die vrywilligers, dat elke twee plase in drie gesny sou word. Instruksies in dier voege is derhalwe aan die Inspeksie-Kommissies gegee[4].

Voor die einde van Januarie 1883 was reeds oor die 400 plase opgemeet en het baie persone van elders ingestroom en die grondregte van vrywilligers opgekoop[5].

Op 23 Februarie 1883 het die Volksraad byeengekom te Losasa en het die magte van die Bestuur oorgegaan in hande van hierdie liggaam, wat besluit het dat die uitloting van plase eers op die 27ste Februarie sou geskied. Verder is bepaal "dat alle personen, die niet over eene maand van af datum 26 February 1883 hunne verschuldigde gelden voor gronden met de renten @ 10 pct betaald zullen hebben, hunne regten van grond dan aan 't Gouvernement van Stellaland zullen vervallen, ten voordele der Vrijwilligers van D.M.Riet Taaibosch"[6].

'n Kommissie is deur die Volksraad aangestel om die uitloting te reël, onderhewig aan die goedkeuring van die publiek. Die uitloting het dan ook geskied op die vasgestelde datum[7].

Vervolgens/...

1). S.5.
2). S. 1,(2); S. 4.
3). S. 4.
4). S.1, (2); Vgl.Goldman,t.a.p.,p.98.
5). "De Volksstem", 27 Jan.1883.
6). S. 6.
7). Ibid.

Vervolgens het die Volksraad daartoe oorgegaan om reëlings te tref dat die uitgelote plase bewoon sal word. Reeds op 23 Februarie 1883 het die Administrateur by die opening van die Volksraad daarop gewys dat dit noodsaaklik was [1]. Met die oog hierop word op 1 Maart 1883 met algemene stemme besluit "dat de Occupatie Wet in gebruik in den O.V.Staat hier in gebruik zal genomen worden, zoover als het Wetgevend Ligchaam het goedvinden zal". Elke eienaar van 'n grondbrief in Stellaland is verplig om hom te onderwerp aan die Okkupasiewet. Verder is besluit dat elke vrywilliger binne twee maande vanaf 15 Maart d.o.v. in Stellaland aanwesig moet wees. Die Okkupasiewet sou van krag wees vanaf 15 Mei [2].

Op die 2de Maart het die Volksraad besluit om die grondbriewe uit te reik, en dat elke persoon, volgens die loting geregtig op so'n grondbrief, dit sal ontvang nadat die plase verdeel is. 'n Verdere besluit is geneem dat die eerste grondbriewe gratis uitgereik sal word. Later sal daarop 'n hereregvan 4% gehef word, volgens tarief van die S.A.Republiek en die Oranje Vrystaat. Rekognisie vir elke plaas is vasgestel op £1.10.-. Gronde is toegeken volgens die opeenvolging van name in die naamlys [3].

Voor die einde van April 1883 was die grondbriewe en sketskaarte van plase gedeeltelik voltooi deur die Inspeksie-Kommissies. Tesame was gereed of byna gereed 345 grondbriewe [4].

Die bepalings van die Volksraad omtrent die okkupasie van gronde is nie uitgevoer nie, en op 7 Augustus 1883 het die Bestuur weer sitting gehad oor die saak ten einde verdere voorsiening te maak. Op daardie dag besluit die Bestuur: "overwegende dat het raadzaam is zonder verzuim verdere voorzieningen te maken voor de Occupatie van de Republiek van Stellaland, en

gelet/...

1). S.6.
2). Ibid.
3). Ibid.
4). Sien brief,dd. 28 April 1883, in S. 7.

gelet hebbende op het besluit van den Volksraad te Lisasa op den lsten dag van Maart 1883 en overtuigd zijnde dat aan gemeld besluit niet voldaan is, besluiten en bepalen gelijk zij besluiten en bepalen bij deze:-

1. "Dat iedere eigenaar van gronden in Stellaland moet verschijnen en tegenwoordig zijn en blijven alhier in Stellaland op of voor den lsten dag van September 1883.

2. "Dat geen eigenaar van grond in Stellaland zal de Republiek niet kunnen verlaten tenzij hij voorzien is met een verlofbrief geteekend door den Kommandant en Veldkornet van de wijk waar zijn grond gelegen is.

3. "Dat alle grondeigenaren die niet hieraan voldoen zich zullen moeten onderwerpen aan de wetten bepalingen en boeten die hier over zullen gemaakt worden of besloten door den Ed.Achtb.Volksraad"[1].

Die volgende dag het die Volksraad byeengekom, en op 13 Augustus en volgende dae 'n konsep-Okkupasiewet behandel en aangeneem. Eienaars van gronde word verplig om dit te bewoon op straf van boete. Hulle mog nie langer as 7 dae uit Stellaland sonder verlof afwesig wees nie. Veldkornette moes registers hou van grondeienaars in hulle wyke. Die Wet sou vir 3 jaar van krag bly, gereken vanaf 15 Mei 1883. Eienaars van "niet loterij" plase betaal 'n hoër belasting indien sulke plase nie geokkupeer word nie. Die Wet tree in werking vanaf 1 September 1883[2].

In verband met grondbriewe het die Volksraad op 18 Augustus 1883 verder besluit dat aan persone ses maande vanaf 1 September 1883 tyd gegee word om hulle grondbriewe en transporte te lig. As die tyd verloop het, sal die Regering regterlike stappe neem teen sodanige persone wat die bepalings nie nagekom/...

1). S.10.
2). S.6; S.2.

nagekom het nie[1]. Hiermee skyn die ergste moeilikhede op 'n end te wees.

Dit wil voorkom uit die notule van die Volksraad en Uitvoerende Raad dat gronde toegeken is, aan alle vrywilligers wat krygsdiens gedoen het of substitute gehad het tot die vrede toe. Sommige vrywilligers, wat diens gedoen het, het bowedien nog 'n substituut ook gehad, en was daardeur geregtig op 'n ekstra plaas[2]. Ook aan die aangeslote vrywilligers van Mankoroane is plase toegeken deur die Bestuur van Stellaland.

Alle grondbriewe is uitgereik deur die Administrateur, Van Niekerk. Na die Konvensie van Londen, waarby 'n deel van Stellaland binne die S.A.Republiek kom te val het, is die wettig verkreë grondbriewe, uitgereik deur Administrateur Van Niekerk vir plase in daardie deel, deur die S.A.Republiek erken[3]. Deur ooreenkoms tussen die Stellalanders en Rhodes het ook die Britse regering op 8 Sept.1884, die grondregte, wat buite die Transvaal val, erken as wettig.

## Administrasie.

Voor die Volksraad in die lewe geroep is, het die Bestuur alle amptenare aangestel asook hulle salarisse vasgestel. Daarna moes die Volksraad, as hoogste gesag, alle aanstellinge bekragtig. Tog was die posisie ietwat onduidelik, daar ook die Volksraad soms verantwoordelik was vir die direkte aanstelling van amptenare. Alle amptenare moes die eed van getrouheid aflê. Hulle salarisse is vasgestel deur die Volksraad. Die vernaamste staatsamptenare was die Administrateur, lede van die Uitvoerende Raad, Goewernements Sekretaris, Sekretaris van die Volksraad, Tesourier-Generaal en Ouditeur-Generaal, Staatsprokureur, Registrateur van Aktes, Publieke Aanklaer, Geregsbode en die Landdros van die dorp Vryburg[4].

Die/...

1). S. 6.
2). Vgl. Goldman, t.a.p., p. 99.
3). "De Locale Wetten der Z.A.Republiek" 1849-1885, p. 1322.
4). Vgl. Goldman, t.a.p., p.98.

Die Bestuur het op 5 Januarie 1883 die salaris van die Goewernements Sekretaris vasgestel op £300.-p.a.[1]. Tog skyn dit twyfelagtig of hy ooit sy salaris in kontante geld ontvang het weëns die gebreke aan geld. Op die 1ste Maart 1883 is deur die nuutverkose Volksraad die heer Hassett aangestel as voorlopige Landdros van Stellaland. Hy sou terselfdertyd ageer as Resident-Vrederegter, en sy salaris is bepaal op £400. 'n Publieke verkiesing werd op 6 Maart 1883 uitgeskryf vir 'n permanente Landdros te Vryburg. Hierdie verkiesing het plaasgevind op 9 Mei 1883. Die heer C.G.Bodenstein is as sulks beëdig en aangestel deur die Bestuur op 26 Junie d.o.v. . Ook is 'n Publieke Aanklaer en 'n Geregsbode aangestel[2].

Die heer T.F.Ludorf is op 1 Junie 1883 aangestel deur die Bestuur as tydelike Staatsprokureur[3]. Die aanstelling van ander amptenare het later gevolg. Op 17 Augustus 1883 het die Volksraad die volgende aanstellings gemaak of bekragtig, asook die salarisse vasgestel:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Goewernements-Sekretaris, | teen | £365. | p.a. |
| Weesheer , | " | £100. | p.a. |
| Landdros Vryburg , | " | £400. | p.a. |
| Klerk Landdros Vryburg , | " | £270. | p.a. |

Die vasstelling van die salaris van die Voorsitter en Lede van die Uitvoerende Raad is uitgestel tot die volgende sitting van die Volksraad. Vir administratiewe doeleindes is verder besluit dat Stellaland sou bestaan uit vyf wyke: die dorpswyk en vier buitewyke. Die Volksraad het op 22 Augustus die salarisse van Veldkornette vasgestel en reelings getref dat Veldkornette vir die verskillende wyke gekies sou word deur die publiek voor 1 Sept.1883[4]. Ander hoofamptenare is eers in Junie 1884 aangestel deur die Volksraad. Op die 16de van daardie maand is die salaris van die Administrateur vasgestel op £1000. p.a., gereken/...

1). S.4.
2). S.4; S.6; S.9; S.10; Vgl. Goldman, t.a.p., p.95.
3). S. 9.
4). Sien Notule van die Volksraad in S.6, onder die betrokke datums.

gereken vanaf 26 Julie 1882. Ander lede van die Uitvoerende Raad sou £200 p.a. ontvang. Die salarisse van die Ouditeur en die Staatsprokureur is vasgestel op £500 p. a.[1] Hierdie amptenare moes al hulle werk self verrig, in die meeste gevalle sonder die hulp van 'n klerk. Hulle moes weeklikse en maandelikse verslae inlewer van hulle verrigtings. Die Landdros moes die eed van alle amptenare afneem[2].

Regspleging.

In die algemeen kan opgemerk word dat ook in die regspleging in Stellaland die voorbeeld van die S.A.Republiek gevolg is. (Wette in Transvaal in swang is soms in Stellaland toegepas). Selfs is soms die regspraktyk gebruiklik in die Oranje Vrystaat gevolg in Stellaland. So stuur die Goewernementssekretaris op 9 Maart 1883 aan die Resident Vrederegter te Vryburg die O;V.S. Wetboek, en vestig sy aandag op : a) die "manier van procederen in Lagere Hoven", en b) "toelagen aan den Geregtsbode"[3].

In die reeds genoemde Konsep Reglement van 21 April 1882 is neergelê dat enige oortreding, wat nie in die Reglement opgemeen is nie, strafbaar sal wees volgens Romeins-Hollandse reg soos algemeen in Suid-Afrika gebruiklik. Verder kon volgens die Reglement verwys word na die wette van die S.A.Republiek[4]. Terloops kan opgemerk word dat die wetboek van Van der Linden ook gebruik was[5].

Reeds kort nadat die eerste vrywilligers by Massouw aangesluit het, het dit nodig geblyk om voorsiening te maak vir die verhoor van hofsake, waarvan daar heelwat was. Vireers het die Krygsraad sake gehoor en boetes opgelê. Ook die Bestuur het dikwels opgetree as 'n Regbank[6]. So is in November 1882 deur die Bestuur 'n egskeidingsaak verhoor en uitspraak gedaan[7]. Sake voor/...

1). Sien Notule van die Volksraad in S.6 onder die betrokke datum
2). Sien Besluit van die Bestuur op 1 Aug.1883, in S.4; S.1 (2).
3). S. 9.
4). Sien Bylaag A.
5). Sien Notule Landdroshof,dd.11Mei 1883, in S. 3.
6). Dikwels vang die Notule van die Bestuur aan met die woorde "Het Hof voor geopend verklaard". Sien S. 4.
7). S.5.

voor die Krygsraad is soms verwys na die Bestuur as dit van ernstige aard was [1].

Dit het ook gebeur dat die Krygsraad sowel as die Bestuur 'n Subkommissie aangestel het vir die verhoor van minder belangrike sake. So het die Krygsraad op 27 Junie 1882 'n Kommissie aangestel vir "onderzoek in bijzondere zaken" [2]. Ook het die Bestuur op 1 Desember 1882 'n dergelike Subkommissie aangestel "voor het afhandelen van zaken en klagten". Hierdie besluit is geneem omdat die Bestuur oorstroom was met kleinere sakies van weinig belang. Daar was egter reg van appêl vanaf die Subkommissie na die Bestuur [3]. Hierdie Kommissies was egter slegs van tydelike aard. Eers in Maart 1883 is die regswese van Stellaland op 'n beter voet geplaas.

Die eerste poging om 'n onafhanklike regbank in Stellaland in die lewe te roep, is aangewend toe die Volksraad byeengekom het op 23 Februarie 1883. Op daardie dag het die Administrateur gewys op die noodsaaklikheid om so spoedig moontlik 'n Landdros te hê op Vryburg [4]. Die verkiesing van 'n Landdros het dan ook kort daarop plaasgevind [5].

Op 7 Maart 1883 het die Bestuur 'n proklamasie uitgevaardig, waarby in die lewe geroep word:

1. 'n Landdroshof te Vryburg, jurisdiksie van die Landdros nie £37.10.- te bowegaande in Siviele Sake, en drie maande harde arbeid in Kriminele Sake.

2. 'n Hof van Landdros en Heemrade, laasgenoemde deur die Volksraad te kies, of deur die Administrateur te benoem as die Volksraad nie sit nie. Hierdie Hof se jurisdiksie is beperk tot £75 in Siviele Sake en vier maande harde arbeid in Kriminele sake.

3/...

1). Sien Notule, dd. 26 Julie 1882, in S.3.
2). S. 3.
3). S. 4.
4). S. 6.
5). Sien supra, p. 68.

3. 'n Hooggeregshof, bestaande uit die Voorsitter en 'n kworum van lede van die Bestuur. Die Hof sit te Vryburg. Enige saak, ook appêlsake van die Laere Howe, kan voor hierdie Hof gebring word[1]. Die Hooggeregshof het egter nooit werklik sitting gehad nie; ander instellinge het inplaas daarvan gekom.

Hoewel Van Niekerk by die opening van die Volksraad op 9 Augustus gewys het op die noodsaaklikheid van die daarstelling van 'n Hof van Appêl, het die Volksraad op 18 Aug.1883 besluit dat omstandighede nog nie toelaat om volgens Transvaalse Wet 'n Hooggeregshof te benoem nie. Dus kry iedere persoon die reg om 'n saak, waarmee hy in hoër beroep wil gaan, by die Landdros te laat aanteken "en zal dat appêl van kracht blijven, tot tijd en wijle er eene voorziening voor een Hoog Geregtshof is gemaakt, of deze Staat is geannexeerd, wanneer het appêl dan zal dienen voor het Geregtshof van zoodanige Staat, welke deze Republiek annexeerd"[2].

Twee dae later is hierdie besluit in die Volksraad gewysig deur agter die woorde "tot tijd en wijle er eene voorziening voor een Geregtshof is gemaakt", by te voeg "om voor zoodanige voorziening de Regering te magtigen zulks te doen"[3]. Dit skyn of die plan was om die Hof van Landdros en Heemrade te laat dien as appêlhof. Van daar af kan daar weer geappeleer word na 'n Jurieraad. Tog skyn dit asof in September 1883 nog nie 'n hoërhof bestaan het nie, volgens 'n brief van die Landdros aan die Goewernements Sekretaris, dd.17 September 1883[4].

By afwesigheid van 'n Hooggeregshof in Stellaland het die Uitvoerende Raad op 16 Januarie 1884 bepaal dat persone, wat hulle verset teen die landsregering en wette, of wat oproer veroorsaak, tereg sou staan voor 'n spesiaal gekose Hof, bestaande

uit/..

1). S. 9.
2). S. 6.
3). Ibid.
4). S. 7; Vgl. Goldman, t.a.p., pp.95-96.

uit die Krygsoffisiere van die Republiek. Op daardie selfde dag proklameer die Waarnemende Administrateur hierdie besluit, en voeg daaraan by dat uitsprake in sulke gevalle "finaal" sou wees [1]. Hierdie Hof was egter blykbaar slegs 'n spesiale Hof vir sekere oortredings soos Hoogverraad.

Tot die daarstelling van 'n gewone Hoër- of Appêlhof het dit blykbaar nooit gekom nie.

Polisiemag.

Diefstalle van vee in Stellaland en op die grense moes op 'n ontsettend grote skaal voortgeduur het, aangesien klagtes daaroor onophoudelik ingestroom het by die Transvaalse en Stellalandse regerings. Beide blankes en gekleurdes skyn hulle daaraan skuldig te gemaak het. Dit het so erg geword dat dit vir die Stellalandse regering noodsaaklik geword het om 'n polisiemag op die grense te plaas om hierdie euwel teen te gaan.

Reeds op 30 November 1882 het die heer King in 'n sitting van die Bestuur voorgestel dat daar 'n rydende polisiemag op die been gebring moes word, bestaande uit 25 man. Dit skyn of daar vireers egter nie uitvoering gegee is aan hierdie voorstel nie [2].

Eers op 23 Februarie 1883 het Van Niekerk by die opening van die Volksraad aan die hand gegee om "ter bewaring van wet en orde, een Politie magt van 25 Man op te rigten op de grenzen, om dieverij voor te komen". Aan die polisie-Kaptein moes order gegee word om sonder onderskeid aan die naturelle reg te laat wedervaar. Op 3 Maart 1883 het die Volksraad dan ook 'n polisiemag daargestel, bestaande uit een Kaptein (teen £1.-per dag), en 5 manskappe (teen 10/- per dag elk), almal vir 'n tydperk van een maand. Die Volksraad het verder 'n Inspekteur/...

1). S. 1 (2); S.10, Proklamasie No.7.
2). S. 4.

Inspekteur van Polisie benoem teen 'n salaris van £456. p.a., en 'n Subinspekteur teen £270. p.a. Elke manskap moes sorg vir su eie pêrd, saal, toom en geweer. Die regering sou ammunisie en rewolwers verskaf. Die Polisie sou gestasioneer word op die Suidelike grens van Stellaland. Polisie-offisiere moes 'n eed van pligsvervulling aflê voor die Volksraad. Wat betref die dorp Vryburg, word dit in hande van die Bestuur gelaat om Konstabels aan te stel [1]. Die heer Mohr is aangestel as Inspekteur van die Grenspolisie, en aan hom word 'n paar dae later opdrag gegee om 'n mag van 25 man op die been te bring. Die Manskappe is ingesweer vir 'n tydperk van 6 maande [2]. Vir die swakke staat was dit egter van die staanspoor af moeilik om 'n polisiemag teen so'n koste te onderhou. Maar omstandighede het vereis dat 'n dergelyke poging onderneem sou word om wet en orde te handhaaf.

Ook het die Bestuur op 7 Maart 1883 aan die Resident Vrederegter opgedra om een blanke en twee gekleurde konstabels vir die dorp Vryburg aan te stel, en hulle salarisse is tegelyk vasgestel [3]. Of aan hierdie opdrag ooit uitvoering gegee is, is nie met sekerheid te bepaal nie.

Tussen die regerings van die Transvaal en Stellaland was daar vermoedelik ook korrespondensie oor die veediefstalle op die grense, en die Stellalandse regering het blykbaar onderneem om dit teen te gaan, want op 14 April 1883 skryf die Gouwernements Sekretaris aan die Transvaalse regering dat die grenspolisie binne 'n paar dae op die grense geplaas sal word [4].

Sake het egter nie na verwagting geloop nie, want reeds op die laaste dag van dieselfde maand word die kwessie van die grenswag weer ter sprake gebring by die sitting van die Bestuur. Besluit word dat die grenspolisie tot nog toe van geen/...

---

1). S. 6.
2). S.8, Brief dd.6 Maart 1883.
3). S. 9.
4). R.1834/83.

geen nut was nie en die land in skuld gedompel het. Die regering het ook geen vertroue in enige offisier in die diens nie. Daarom sal die polisiemag ontbind word op 1 Mei d.o.v.[1] Die here Smith, Van der Berg en King word terselfdertyd benoem as 'n Kommissie om die Polisie, wat nog steeds te Vryburg vertoef, te ontbind. Die Kommissie moes ook alle Goewernements-eiendom, in besit van die Polisie, in beslag neem. Op 1 Mei 1883, egter, volg 'n verdere instruksie van die Goewernements-Sekretaris aan die Kommissie om die manskappe van die Sersjant afwaarts, "niet te bedanken voor dat ik met Z.Hoog Ed. de Voorzitter van Bestuur heb gecommuniceerd". Die moeilikheid was n.l. dat die manskappe in diens geneem was vir 'n tydperk van 6 maande blykens 'n brief deur die Goewernements-Sekretaris gerig aan Van Niekerk op dieselfde dag[2]. Op 5 Mei d.o.v. word aan die Kommissie kennis gegee om vireers die Grenspolisie nie af te dank nie, onder sekere voorwaardes. Die polisie moes n.l. onmiddelik naar die grens vertrek en hulleself voorsien van pêrd, geweer, saal en toom. Geen nuwe polisiemanne mog in diens geneem word nie. Inspekteur Mohr word herstel in sy betrekking en aan die manskappe word belowe dat die Regering hulle agterstallige salarisse sal betaal[3].

Op dieselfde dag rapporteer die Kommissie dan ook dat die Grenswag nie ontbind is nie. Die Kaptein dring daarop aan dat die Regering pêrde en gewere sou verskaf. Verder is die opdrag van die Regering uitgevoer. Die Kommissie is ook van mening "that a <u>properly</u> conducted Police force is very requisite, but think that at the present time there are many changes that might be made". Uit die verdere artikels van die Rapport blyk dat die Regering dit moeilik gevind het om aan die/...

1). S. 4.
2). S. 7.
3). S. 9; S. 7.

die manskappe hulle salarisse te betaal, weëns gebrek aan geld. Ook was daar verwarring omtrent die kwessie van voedsel vir die polisie[1]. Die Polisie het dus aangebly, nieteenstaande die moeilikhede en die kwessie van betaling vir hulle dienste nog steeds op die voorgrond gestaan het[2].

Die oplossing uit die moeilikheid het gekom op 10 Augustus 1883, toe die Inspekteur van Polisie namens die Korps vanself aan die Volksraad gevra het om ontbind te word, aangesien sake nie so kan voortduur nie. Daar is dan ook besluit om die Polisiemag te ontbind vanaf 11 Augustus 1883, en daarvan is kennis gegee aan die Bestuur[3].

Dit skyn dat na hierdie eerste mislukte proefneming vir minstens een jaar lank nie weer 'n poging aangewend is om 'n grenswag op die been te bring nie. Eers weer op 19 September 1884 gee die Bestuur opdrag aan Komdt.-Gen. De la Rey "om 12 getrouwe burgers te employeren om te dienen als Politie voor het Gouvernement van Stellaland". Hulle moes hulle eie wapens, pêrd, sael en toom, voedsel en klere verskaf, en hulle verbind om te dien vir drie maande. As vergoeding sou hulle saam vier plase ontvang.[4] Hierdie mag is opgerig en later vermeerder tot 18, en geplaas onder bevel van Kapitein Nell. Op hulle versoek is die grondbriewe van hulle plase op hulle name geplaas[5]. Met die oorname van Stellaland deur die Britse regering skyn dit of hulle opgehou het om te bestaan.

## Finansies.

Terwyl die oorlog met Mankoroane nog voortgeduur het, was die vernaamste bron van inkomste van die Bestuur die geld verkry deur die verkoop van beeste, buitgemaak op Mankoroane. Met hierdie geld moes betaal word ammunisie, aangekoop vir die/...

1). S. 7.
2). Ibid., sien brief dd.22 Junie 1883 van Mohr aan Bestuur.
3). S. 6; S. 7.
4). S. 9.
5). S. 7, sien briewe dd.10 en 11 Nov.1884.

die vrywilligers, asook skadevergoeding aan persone, wat gely het as gevolg van die oorlog. Die transaksies het nie juis altyd in kontant geskied nie, maar merendeels in natura[1]. Verdere inkomste is ook verkry uit opgelegde boetes vir oortredings[2].

Van die staanspoor af was dar 'n groot gebrek aan kontant geld onder die vrywilligers, met die gevolg dat hulle nie hulle skulde aan die Goewernementskas kon betaal nie. Die Bestuur het dit derhalwe moeilik gevind om sy finansiële verpligtings na te kom. Op 13 Julie 1882 het die Krygsraad 'n besluit geneem waarby gronde van vrywilligers, wat geld verskuldig was aan die staatskas, as sekuriteit gehou sal word vir betaling daarvan, tot drie maande na afloop van die oorlog. Daar is verder besluit, soos reeds gesien, op 21 Julie d.o.v. dat nuwe vrywilligers aangeneem sal word teen betaling van £37.10.- elk. Persone, wat voorheen vrywilligers was, kan ook weer aangeneem word teen betaling van £75.- elk. Op hierdie wyse is daar pogings aangewend om kontantgeld in hande te kry[3].

Na die vrede gesluit is op 26 Julie 1882, en veral na die Volksraad byeengekom het in Februarie 1883 en 'n meer vaste staatsinrigting in die lewe geroep is, het die vernaamste bronne van inkomste bestaan uit registrasie- en rekogniesiegelde en ander belastings. Die plase was nou reeds opgemeet en uitgeloot aan die vrywilligers en daar was heelwat onkoste aan verbonde. Met die stygende inkomste het ook die uitgawes gestyg. Die vernaamste items van uitgawe was salarisse en fooie vir lede van die Inspeksie-Kommissies[4].

Van Niekerk het op 23 Februarie 1883 die aandag van die Volksraad gevestig op die noodsaaklikheid om so gou moontlik 'n begroting op te trek[5]. Dit is ook gedaan, en daaruit blyk/..

---

1). S. 1 (1), Sien Krygsraadsnotule van 19 Junie 1882.
2). Vgl. Goldman, t.a.p. p. 96.
3). S. 3.
4). Vgl. Goldman, t.a.p. p. 96.
5). S. 6.

blyk dat daar tot op 14 April 1883 'n aansienlike batige saldo moes gewees het [1]. Dit was egter net op papier. In werklikheid was alle inkomste en uitgawe op die kredietstelsel geskoei. Baie vrywilligers het geld geskuld aan die staatskas, en die Staat kon dus ook nie aan sy verpligtings voldoen nie. Daar is gevolglik skuldbewyse ("Goedvoors") uitgegee oor en weer en dit is as wettige betaalmiddel gebruik [2].

Op 31 Julie 1883 het die Bestuur 'n Kommissie aangestel om 'n volledige begroting op te trek van alle skulde deur en aan die Goewernement verskuldig vanaf die begin van die oorlog tot op datum toe. Deur die Kommissie moes 'n behoorlike verslag opgestel word. Die Kommissie het instruksie ontvang om alle Goewernements "Goedvoors" in te roep [3].

Op advies van Van Niekerk het die Volksraad op 22 Aug.1883 'n Finansiële Kommissie aangestel om op 15 Sept. d.o.v. die verslag van die genoemde Kommissie te ontvang en daaroor rapport uit te bring by die volgende sitting van die Volksraad. Terselfdertyd is ook 'n Ouditeur-Generaal aangestel en alle amptenare moes gereeld finansiële verslae opstuur aan hom vir goedkeuring [4].

Die kwessie van staatsuitgawes was moeilik. In Jan. 1884 moes die regering, weëns gebrek aan kontantgeld in die staatskas, vee kollekteer van die burgers en dit weer verkoop ten einde geld in hande te kry vir die aankoop van ammunisie. Terselfdertyd is aan die Ouditeur-Generaal opdrag gegee om 'n aanvang te maak met die insamel van uitstaande skulde aan die Staat. Skulde kon ook bètaal word in waarde, soos vee [5].

Dit skyn nie of daar veel geld op hierdie wyse in die landskas ingekom het nie, en die Regering moes geld vind om sy skulde/.

---

1). Sien begroting van Inkomste en Uitgawe in R.1834/83.
2). Vgl. Goldman, t.a.p. 97.
3). S. 4; S. 9.
4). S. 6; Sien ook Inkomende Stukke by Ouditeur-G[illegible] durende September 1883 in S.7.
5). Sien briewe dd. 26 Jan. en 1 Feb.1884 in S. 9.

skulde te vereffen. Derhalwe besluit die Uitvoerende Raad op 3 Mei 1884 om 8 Goewernementsplase op 24 Junie d.o.v. te verkoop vir kontantgeld om op hierdie wyse die uitstaande bewyse teen die Staat te kan aflos[1].

Wat betref buitelandse skuld het die Volksraad 'n Ordonansie op 13 Junie 1884 aangeneem waarby die betaling daarvan gereel word[2]. Die Volksraad het ook 'n Finansiële Kommissie aangestel op dieselfde dag, ten einde ondersoek in te stel naar die finansiële administrasie van die land. Hierdie Kommissie het 'n rapport ingelewer by die Volksraad en aanbeveel dat aan die Administrateur opgedra word om persone aan te stel om die nog uitstaande "Goedvoors" op te neem. Al sulke "Goedvoors" moet voor die 10de Julie e.k. geregistreer wees by die Tesourier-Generaal[3]. Die doel hiervan was dat die Regering presies wou weet wat die laste van die Staat was, ingeval Stellaland oorgeneem word deur 'n ander staat. Die aanbevelings van die Kommissie is aangeneem, en die werk van opneming van die "Goedvoors" is verrig.

Owerigens blyk dit nergens dat die finansies van Stellaland ooit op 'n gesonde voet gebring is nie. Die amptenare, wat belas was met die finansiële administrasie, het dieselfde pligte waargeneem as dergelike amptenare in die Transvaa Daar skyn egter altyd 'n gebrek aan kontant te gewees het. Gewoonlik het amptenare met moeite of gladnie hulle salarisse ontvang nie. Hierdie toestand het onveranderd voortgeduur tot met die beëindiging van die bestaan van die Republiek.

## Poswese.

Direkte posverkeer met Stellaland is tot stand gebrin hoewel dit nooit geheel bevredigend was nie. Op 3 Januarie 188 het die Bestuur besluit om 'n voorlopige posvervoer te reël, en drie dae later het 'n veertiendaagse posvervoer tussen Christiana en Vryburg tot stand gekom[4].

Toe/..

1). S.10, No.A.88/84.
2). S. 6.
3). S.10, A.116/84; S.6; S.9,A.117/84.
4). S. 4.

Toe die Volksraad byeengekom het, het Van Niekerk gewys op die noodsaaklikheid van 'n gereelde posvervoer tussen Stellaland en Land Goosen [1]. Dit blyk egter nie of daar ooit iets aan die saak gedoen is nie. Dit wil voorkom asof die Volksraad die reëling van die posverbinding tussen Stellaland en die buitewereld oorgelaat het aan die Bestuur. 'n Verdere stap is geneem in Mei 1883, toe die Bestuur 'n weeklikse posdiens daargestel het vanaf Vryburg. Die polisie sou dit op hulle neem. [2] Op 12 Julie 1883 is ewewel 'n posmeester aangestel te Vryburg. [3] Die grootste deel van die posverkeer het deur Christiana gegaan.

Die toestand was egter onbevredigend en teen die begin van Augustus 1883 het die Administrateur aansoek gedoen by die Transvaalse regering om 'n poskonvensie te sluit tussen die twee state, ingaande vanaf 1 September 1883. Die Transvaalse regering het egter, weëns die onsekere politieke toestand en die toekoms van Stellaland, sy antwoord uitgestel tot die beslissing in verband met die wysiging van die Konvensielyn bekend sou wees. [4]

Stellaland het intussen sy eie posseëls verkry, en pogings aangewend om dit erken te kry by die regerings van die Transvaal en Kaap Kolonie. Beide hierdie regerings het egter geweier om die seëls te erken as geldig [5].

Verskeie pogings is ook aangewend om die plaaslike posvervoer tussen Vryburg en Christiana te reël deur middel van kontrakte met private persone, o.a. in Junie 1884 met die heer Holloway, en in September 1884 met die heer Geeringh. Op 23 September 1884 is eindelik 'n kontrak gesluit vir 'n weeklikse posdiens tussen Christiana en Vryburg. Die kontraktant sou £600/...

1). Sien Volksraadsnotule, dd. 23 Febr.1883, in S. 6.
2). Sien Bestuursnotule, dd. 7 Mei 1883, in S.4.
3). S. 9.
4). R.3763/83, sien brief dd.3 Aug.1883.
5). R.1946/84.

£600.-p.a. ontvang van die Stellalandse regering. Die kontrak sou in werking bly vir 'n onbepaalde tydperk [1]. Verder as 'n binnelandse posvervoer skyn dit nooit te gekom het nie.

Vlag, Wapen, Seël ens.

Die naam "Stellaland", so word algemeen aangeneem, is afgelei van "Sterland" of Land van die Ster. [2] Dit is egter onseker waarom juis hierdie naam aangeneem is vir die Republiek. Dit is moontlik dat dit naar aanleiding was van die heldere sterrehemel, soos mens dit aantref in Bechuanaland. 'n Ander verklaring, afkomstig van Britse sy, skryf die keuse van die naam "Stellaland" toe aan die feit dat in 1882, die jaar waarin die oorlog tussen Massouw en Mankoroane geduur het, 'n groot komeet sigbaar was [3]. Hoe dit ook al sy, sit staan vas dat die Republiek genoem was die "Land van die Ster".

Die vlag van Stellaland was 'n egale groen baan met 'n ster in die middel [4].

Die wapen van die Republiek het bestaan uit 'n wapenbord, met vlae langs die kante, in sommige gevalle leeus in plaas van vlae; aan die bokant was 'n ster met strale, en aan die onderkant 'n lint met die woorde "gewaapend en regtvaardig" daarop. [5] Volgens 'n Engelse beskrywing van die wapen was die bewoording "armed but just". [6] Die wapenbord is verdeel in vier dele: Aan die regterhand bo is 'n groen veld met 'n ster in die middel; links bo 'n wit veld met 'n korhaan daarop, vasgehou deur 'n mens arm; regs onder 'n rooi veld, met twee visse onder mekaar in teenoorgestelde posisie, en aanmekaar geryg deur 'n swaard; links onder is 'n blou veld waarop 'n weegskaal, die simbool van geregtigheid [7]. Dit is feitlik al wat bekend is omtrent die Stellalandse wapen.

Behalwe/...

---

1). S. 12.
2). Sien Bylaag C.
3). C.4643, teenoor p. 202.
4). Vgl. Goldman, t.a.p., p. 103.
5). Ibid., p.102.
6). Die Engelse beskrywing bevat ook 'n verklaring van die wapen. (Sien C.4643, teenoor p.202).
7). Vgl. Goldman, t.a.p., pp. 102-103.

Behalwe posseëls het Stellaland ook gewone staatseëls gehad. Hierdie seëls is vervaardig deur die firma Van de Sandt de Villiers van Kaapstad, vir sover dit nagegaan kan word [1].

Die Vrywilligers.

Daar dien nog iets meegedeel te word aangaande die vrywilligers van Massouw. Van Britse sy is hulle, veral onder invloed van sendelinge soos Eerw. Mackenzie, bestempel as "Freebooters" en rowers. Die vraag kom op of hierdie benaming geregverdigd was. Onthou moet word dat toestande langs die grense destyds baie ingewikkeld was. Die vrywilligers was verwyderd van die beskawing, en hulle het buitendien vir 'n groot deel bestaan uit grensbewoners wat gewoon was aan 'n harde lewe. Daarby kom nog dat vele van hierdie mense gewoon geword het aan 'n toestand waarin diefstal van vee op groot skaal aan die orde van die dag was. Baie mense was betrokke daarin en dit moes ongetwyfeld 'n nadelige invloed uitgeoefen het, veral as daarby in aanmerking geneem word dat tydens die oorlog tussen Mankoroane en Massouw oor en weer geroof is as 'n wettige middel van oorlogvoer.

Kort na die vrede gesluit is, het Mankoroane die diefstalle hervat en onophoudelik probeer om van sy vee terug te neem. Dit is dan ook nie te verwonder nie dat sommige van Massouw se vrywilligers hulle ook vergryp het aan dergelyke oortredings.

Deur die vyandige houding wat Mankoroane ingeneem het, het daar 'n gedurige toestand van onrus geheers. Hy het selfs gedreig om die vrywilligers met geweld te verjaag uit Stellaland, wat hy beskou het as sy wettige grondgebied [2]. Sowel op 23 Maart as op 11 Augustus 1883 het Mankoroane die Stellalanders aangesê om sy land te verlaat [3] en intussen

aangehou/...

1). Sien briewe van Genis aan Bestuur, dd.6 Okt.1883, en 27 Maart 1884, in S. 7.
2). R.1474/83; R.1727/83; R.1833/83.
3). S. 7; R.1474/83.

aangehou met die steel van vee. Afgesien van die onrus wat daaruit voortgespruit het, het dit egter geen uitwerking gehad nie.

Maar ook die Stellalanders is nie vry te spreek van die beskuldiging van diefstal nie. Dit kan nie ontken word nie dat baie van hulle hulle in hierdie opsig skuldig gemaak het, soos trouens ook erken word deur Van Niekerk[1].

Tog sou mens die Bestuur van Stellaland met die meerderheid van die vrywilligers 'n onreg aandoen deur hulle te bestempel as "Freebooters". Inteendeel, die meeste van hulle was orde- en vredeliewend en die Bestuur het sy bes gedoen om 'n toestand van wet en orde in die lewe te roep[2]. So is daar reeds op 3 Jan.1883 besluit dat alle misdadigers, wat in Stellaland skuiling soek, uitgelewer sou word op aanvraag. Op 8 Jan. 1883 is verdere maatreëls geneem om diefstalle teen te gaan b.v. verbeurdverklaring van grondregte[3].

Van Niekerk het oor die diefstal-kwessie op 24 Sept. 1883 aan Genl. Joubert gerapporteer dat daar 'n roofbende is van byna 100 blanke manne, waarvan die grootste gedeelte Engelse was[4]. In Julie 1882 het Kol.Ferreira gerapporteer aan die Britse Resident dat "the worst and most violent element" die groot aantal deserteurs uit die Britse leër was, wat aangesluit het by Massouw[5].

Daarby moet onthou word dat sommige van die diewe Engelse vrywilligers was wat vroeër by Mankoroane geveg het en later oorgeloop het na Massouw.

Herhaalde pogings is aangewend deur die Bestuur gedurende 1883 en 1884 om die bende in hul bedrywigheid teen te gaan. Op 12 Febr.1884 het 'n verdere rapport ingekom by Genl. Joubert dat die grootste diewe witmense is wat woon by Mankoroane[6]. Die inhoud van hierdie rapport is in Maart 1884 bevestig/....

---

1). Sien brief,dd.24 Sept.1883, in Joubert-Kolleksie,321.
2). Sien in hierdie verband Bylaag A.
3). S. A.
4). Joubert-Kolleksie, 321.
5). C.3419, pp.22-23.
6). K.G. 202,H.

bevestig deur Graham Bower[1]. Ook in die onderhandelinge met Majoor Lowe in April 1884, het die Bestuur blyke gegee van sy goeie bedoelings wat betref onderdrukking van veediefstalle[2]. Lowe het ook met lof melding gemaak van die goeie werk van Van Niekerk[3].

In die beskeie is daar oorvloediglik bewys dat die naam "Vrybuiters" nie van toepassing is op die meerderheid van die Stellalanders nie. Slegs 'n kleine minderheid, meeste waarvan Engelse, was verantwoordelik vir die legende omtrent die "Vrybuiters".

Die volgende woorde van 'n korrespondent van die "Diamond Fields Advertiser" gee 'n goeie opsomming van die toestand: "It is much to be regretted that a small band of unscrupulous men ........ have combined to commit the most audacious robberies of cattle, in consequence of which a large body of quiet, orderly people are branded by the outside public as a band of 'freebooters and thieves'"[4].

Daarby kan nog aangehaal word die mooie woorde van Van Niekerk by geleentheid van die opening van die Volksraad op 23 Februarie 1883: "Het is u allen bekend hoedat wy overal veracht zijn geworden, en hoevele valse blamen op ons zijn gelegd. Nooit hebben onze zaken een onderzoek kunnen krijgen, hetwelk ons in staat zoude gesteld hebben om aan de wereld te toonen, dat wij niet den naam van "Roovers" en Vrijbuiters verdienen, maar, dat wij hier gekomen zijn om Moord en Roof tegen te gaan. Toont gij dan nu aan de wereld wat onze bedoeling is; toont aan de blanke bevolking van Zuid-Afrika, dat wij geen Barbaren, maar een Christen volk zijn"[5]

Klink dit na die woorde van die leier van "vrybuiters"

HOOFSTUK IV./...

---

1). C.4036, pp.27-28.
2). S. 9, A.72/84 en 77/84.
3). Sien brief, dd.11 April 1884, in S. 7.
4). "De Volksstem", 27 Jan.1883.
5). Sien Bylaag D.